



LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET

Tel. 049 – 8910 803
Faks: 049 – 8910 802
Sel : 072 170 2045

E-Pos: hoof@laervolkskool.org
Skoolhoof : Mnr D Joubert

Posbus 253
GRAAFF-REINET
6280



21 Januarie 2022

Geagte ouers en Volksies.

Welkom terug aan almal na 'n wonderlike vakansie. 'n Spesiale verwelkoming aan mev Sunet Gildenhuys wat by ons aansluit. Sy sal verantwoordelik wees vir Gr. 5 Engels asook vir die Gr. 4.1-klas se Engels.

Skooltye

Die normale skooltye is volgens die onderstaande tabel.

Die begintye is wanneer sanitasie van die klasgroepe begin voordat die akademiese klasse begin. Leerlinge moet reeds aan die begin van sanitasie by die skool aanmeld.

| DAE | GRAAD 1 | | GRAAD 2 | | GRAAD 3 | | GRAAD 4-7 | |
|-------------------|---------|---------|---------|---------|---------|---------|-----------|---------|
| | Begin | Verdaag | Begin | Verdaag | Begin | Verdaag | Begin | Verdaag |
| Maandag | 07:45 | 12:30 | 07:45 | 12:45 | 07:45 | 13:00 | 07:30 | 13:30 |
| Dinsdag-Donderdag | 07:30 | 12:30 | 07:30 | 12:45 | 07:30 | 13:00 | 07:15 | 13:30 |
| Vrydag | 07:30 | 12:30 | 07:30 | 12:45 | 07:30 | 13:00 | 07:15 | 13:00 |

WhatsApp-groepe

Ons versoek ouers om asseblief die whatsApp-groepe met oorleg te gebruik sodat die onderwysers se privaatheid gerespekteer word. Die onderwysers het ook gesinne en is geregtig daarop om nie na-ure oorval te word met navrae nie. Beperk kommunikasie dus tot die noodsaaklike.

Wolkskool - GRATIS

Ouers en leerlinge kan gratis op die Skole Ondersteunings Sentrum se platform registreer. Dit gee toegang tot 13 000 hulpbronne vir leerlinge volgens die verskillende grade en vakke. Die hulpmateriaal voldoen aan die voorgeskrewe kurrikulum vereistes in die vorm van video's, werkkaarte, vraestelle en meer.

Laer Volkskool se leerlinge het reeds gratis toegang tot die platvorm en moet net registreer – volg net die instruksies op die video hieronder.



Video 1: Hierdie video verduidelik aan nuwe leerders hoe om 'n profiel op Wolkskool te skep:
<https://www.youtube.com/watch?v=F8Llw6Rs6TI>

Video 2: Hierdie video wys vir bestaande leerders hoe om hul graad te gaan aanskuif op hul bestaande profiel: <https://www.youtube.com/watch?v=OSKdOt13E>



Biblioteek

Die skoolbiblioteek bied aan elke leerling gratis toegang tot 'n magdom inligting asook tot 'n wonderlike fantasiewêreld van stories en verhale. Boeke kan weekliks uitgeneem word en dan kan jy jouself sommer by die huis in die drama van die storie verdiep.

Biblioteektye: Maandag - 14:00 tot 15:00
Dinsdag - 14:00 tot 15:00



Eupeesstap

Laer Volksskool het die 2022 Eupeesvieringe vandag afgeskop met 'n Eupeesstap. Om 11:30 het ons saam met Hoër Volksskool vanaf die skool, om die Grootkerk, en weer terug tot by die skool, gestap. Dit was die eerste van verskeie eupees-aktiwiteite (soos hieronder uiteengesit) vir die jaar.

21 Januarie - Eupeesstap
11 Maart - Lang Tafel by HVS
28 Mei - Volksskool Straatmyl
Eupees "Stoep Tasting"
1 Augustus - Eupees Interskolestap
6 Augustus - Eupees Swart Das Dinee
Aandkuier by HVS (Diegene wat nie dinee bywoon nie)



Verdere aktiwiteite sal deurgegee word, soos dit gefinaliseer word.

Leerlingraadskamp

Die Leerlingraadskamp vind 21 tot 23 Januarie te Skietfontein plaas. Geniet die kamp en ons wens julle sterkte toe met die jaar wat voorlê.

Sport

Swem

Ons gelukwense aan Zenicke van Schalkwyk. Sy het Saterdag, 15 Januarie, die Volksies se naam hoog gehou toe sy die Nelson Mandela Baai swemspan verteenwoordig het by 'n Interdistriktegala en 'n bronsmedalje in die 100m rugslag verower het. Sy het ook aan die OP Kampioenskappe deelgeneem waar sy silwermedaljes in die 100m en 200m rugslag verower het. Uitstekend Zenicke. Ons is trots op jou.



Laer Volksskool se kleurgala vind 3 Februarie plaas. Daar gaan vandag 'n Google vorm uit vir die inskrywings. Alle inskrywings MOET teen Woensdag, 26 Januarie, afgehandel wees. Almal wat 25m of 50m in enige van die swemslae kan swem is verplig om deel te neem. Laat inskrywings sal nie in aanmerking kom tydens die kies van die span vir die Interskole Swemgala nie. Hierdie span word na afloop van die Kleurgala saamgestel. Kontak juffrou A. du Toit met enige navrae.

Tennis

Baie sterkte aan al die spelers wat Saterdag aan die Zone-proewe deelneem op Laer Volksskool se bane. Ons weet julle gaan, as Volksskool-ambassadeurs, ons skool se naam hoog hou en julle allerbeste gee.



Tennisdrag: Seuns: Swart Volksskool hemp, swart broek en wit kouse



Dogters: LO-hemp (Dogters), LO-Romp en wit kouse

Slegs Volksskool pette en peaks is toelaatbaar. (Geen ander kleure nie)

Algemeen

Skoolfonds

'n Inbetaling van R1 600.00 is op 18 Januarie 2022 in Laer Volksskool se rekening, sonder enige verwysing, gemaak. Sal die betrokke persoon asseblief die kantoor kontak.

Kalender en Buitemuurse Rooster

Die kwartaalprogram en die buitemuurse rooster, wat aan die einde van verlede jaar saam met die rapporte uitgestuur is, word hierby aangeheg.

Vriendelike groete en bly veilig.

D. Joubert

Skoolhoof



'N STUKKIE BORDKRYT



“Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie.”

Spreuke 22:6

Met hierdie teksvers het ds. J.F. Naudé om 09:00 die oggend van 30 Januarie 1922 (Hoër) Volksskool as die tweede oudste Afrikaansmedium skool in Suid Afrika amptelik geopen. Alhoewel daar van die beginjare na die skool as Hoër Volksskool verwys is, het dit ook die laerskool ingeluit. En na 'n eeu se groei en vooruitgang deel die twee skole steeds hierdie unieke gemeenskaplike identiteit soos weerspieël word met dieselfde skoolwapen, skoollied en skooldrag.

